Saaknr. 277/85

mp

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| MBOBO CELE | Eerste Appellant (beskuldigde 1 in die Hof a quo) |
| TULANI MKIZE | Tweede Appellant (beskuldigde 2 in die Hof a quo) |
| JOB LUNGU | Derde Appellant (beskuldigde 3 in die Hof a quo) |
| ANDRIES MAJOLA | Vierde Appellant (beskuldigde 4 in die Hof a quo) |
| ELIAS MOKOENA | Vyfde Appellant (beskuldigde 5 in die Hof a quo) |
| AMOS ZULU | Sesde Appellant (beskuldigde 6 in die Hof a quo) |
| PHINEAS MALULEKA | Sewende Appellant (beskuldigde 7 in die Hof a quo) |

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: HOEXTER, HEFER et SMALBERGER, ARR

VERHOOR: 12 Mei 1986

GELEWER: 30 Mei 1986

---

UITSPRAAK

HOEXTER, AR .......

HOEXTER, AR,

Dit is 'n strafappèl. In die Rondgaande Hof te Bethal, Transvaal, het die sewe appellante op 'n aanklag van moord onskuldig gepleit. Die verhoorhof (CURLEWIS, R en twee assessore) het die appellante aan moord skuldig bevind. By ontstentenis van versagtende omstandighede is die appellante ter dood veroordeel. Met verlof van die verhoor=regter kom die appellante teen die skuldigbevindinge in hoër beroep.

Die oorledene in die saak was 'n bewaarder by die Gevangenis te Bethal. Op die oggend van 21 Oktober 1981 het die oorledene die bevel gevoer oor 'n werkspan van agt gevangenes bestaande uit die sewe appellante en ene Dlamini. Die werkspan was van tuingereedskap soos spitgrawe en harke voorsien. Die randgebied van die gevangenisterrein het 'n draadomheining en die werkspan het geskoffel in 'n grasveld wat aan die Bethal-Ermelo teerpad grens. Die oorledene was

ongewapen.........

ongewapen. Die rede vir sulke dwaasheid is vir hierdie Hof net so onverklaarbaar as wat die tragiese gevolge daarvan vir enige skoolkind voorspelbaar behoort te gewees het. Die oorledene is deur een of meer van die agt lede van die werkspan aangerand, bewusteloos geslaan, en daarna na 'n nabygeleë asgat gesleep. Die oorledene is lewend in die asgat begrawe as gevolg waarvan hy aan versmoring beswyk het. Teen die tyd wat sy lyk in die asgat ontdek is, het al agt lede van die werkspan verkas.

Toe hy die werkspan na die grasveld geneem het, was die oorledene in sy bewaardersuniform geklee. Die uniform het bestaan uit 'n pet, 'n tuniek, 'n langbroek en 'n paar bruin skoene. Nadat hy in die grasveld oorrompel is maar voordat hy in die asgat begrawe is, is die oorledene van sy uniform ontdoen. Die uniform is toe deur 'n lid van die

werkspan ........

werkspan aangetrek. 'n Rukkie daarna het 'n lid van die Gevangenisdiens, ene kapt Hartzenberg, met 'n voertuig op die Morgenzon-Bethal pad gery toe hy 'n span gevangenes aan die kant van die pad gewaar het. Hierdie span het heel netjies twee-twee in gelid gedraf en hulle was vergesel van 'n Swart man in die uniform van 'n bewaarder met 'n send-ontvanger in sy besit. Die voertuig het langs die pad stilgehou en terwyl lede van die span met hul implemente in hul hande in 'n halfmaan om die voertuig gestaan het, het kapt Hartzenberg met die man in die bewaardersuniform 'n gesprek gevoer. Kapt Hartzenberg wou weet wat die betrokke span so ver van die gevangenis gemaak het. Die man in die uniform het beduie dat in opdrag van "die luitenant" hy die span neem om by die nuwe begraafplaas te gaan skoffel. Aldus gerusgestel het kapt Hartzenberg verder aangery. Toe hy later na die gevangenis terugkeer, het die kaptein die optog wat hy vroeër langs die pad teëgekom het onder die aandag van die bevelvoerder van die gevangenis gebring. Navraag het

spoedig .........

spoedig aan die lig gebring dat geen dusdanige opdrag deur enige luitenant aan enige bewaarder in bevel van 'n werkspan gegee is nie; en twee bewaarders is op soek na die dwalende werkspan uitgestuur. Toe hulle onverrigter sake na die gevangenis teruggekeer het, is 'n behoorlike soektog van stapel gestuur. Kort daarna is die lyk van die oorledene in die asgat ontdek. By die verhoor was kapt Hartzenberg een van die staatsgetuies. Hy het die sewende appellant uitgeken as die man in die bewaardersuniform met wie hy op die betrokke dag langs die teerpad gepraat het.

Binne 'n kwessie van dae na hul ontvlugting is elkeen van die sewe appellante weer gevange geneem. By die inhegtenisneming van die sewende appellant is hy in besit gevind van die oorledene se bruin skoene. Al sewe appellante is in 'n streekhof ingevolge art 48(1)(a) van die Wet op Gevangenisse, 8 van 1959, weens ontvlugting skuldig bevind en gevonnis. Die

vonnisse .......

Die vonnisse deur die streekhof weens die ontvlugting opgelê, sal mettertyd aangedui word. By wyse van 'n tweede verhoor het die sewe appellante daarna gedurende April 1985 op 'n aanklag van moord in die onderhawige saak tereggestaan. Ten tyde van laasgenoemde verhoor was Dlamini, die agste lid van die werkspan, nog steeds op vrye voete.

Binne enkele dae na hul hergevangeneming het elkeen van die appellante òf aan 'n vrederegter òf aan 'n landdros 'n verklaring gedoen wat deur die betrokke vrederegter of landdros op skrif gestel is en deur die verklaarder bevestig is. By die verhoor in die Hof <u>a quo</u> wou die Staat gemelde verklarings as deel van die staatsaak aanbied en moes hy derhalwe die toelaatbaarheid van die verklarings bewys. Namens die appellante is die toelaatbaarheid van iedere en elke verklaring bestry en die verhoorhof het twee afsonderlike binneverhore gevoer om die geskil te besleg. Een binne=verhoor het gegaan oor die toelaatbaarheid van die verklarings

wat .......

wat die eerste, tweede en derde appellante onderskeidelik aan luit J J du Plooy van die S A Polisie gedoen het; en die ander het gegaan oor die toelaatbaarheid van die verklaring wat die vierde appellant aan landdros D J G du Preez asook die verklarings wat die vyfde, sesde en sewende appellante onderskeidelik aan landdros I Weidemann gedoen het. Kragtens art 145(4)(b) van die Strafproseswet, 51 van 1977, het die twee assessore ook aan die beslissing van gemelde geskilpunte deel gehad.

Die bewyslas dat 'n bekentenis of erkenning deur 'n beskuldigde nie ongedwonge gemaak is nie rus op die beskuldigde alleen wanneer die betrokke verklaring voor 'n landdros afgelê is, en nie wanneer dit aan 'n vrederegter afgelê is nie. Wat betref die verklarings van die eerste, tweede en derde appellante enersyds en andersyds die verklarings van die vierde, vyfde, sesde en sewende appellante het die desbetreffende bewyslas dus hier aan verskillende

kante ........

kante gelê. Na die oordeel van die verhoorhof egter het die getuienis wat die appellante gedurende die binneverhore afgelê het teen dié van die staatsgetuies wat daartydens opgeroep is so swak afgesteek dat die trefpunt van die bewyslas i v m die ongedwongenheid van die verklarings minder belangrik was. In hierdie verband het die verhoorregter in sy uitspraak gesê:-

> "In our view the matter is so clear that we have preferred to look upon it as if the onus was on the State in regard to all seven accused."

Bygevolg het die verhoorhof eenparig beslis dat al sewe verklarings toelaatbaar is.

Dit dan wat betref die verloop van die binne= verhore. By die inhoud van die verklarings sal ek aanstons kom. By die verhoor op die meriete van die saak is buiten die reedsgenoemde kapt Hartzenberg etlike ander lede van die

Gevangenisdiens .......

Gevangenisdiens asook sekere lede van die S A Polisie as staatsgetuies opgeroep. Die Staat kon egter geen ooggetuie van die aanranding op die oorledene aanbied nie. Wat betref die orige staatsgetuies is dit slegs nodig om kortliks na die strekking van die getuienis van twee van hulle te verwys: kapt M S Scheepers van die S A Polisie en 'n patoloog, prof N J Scheepers. Kapt Scheepers, 'n distrikspeuroffisier te Standerton, het getuig oor sekere uitwysings aan hom deur elkeen van die appellante onderskeidelik by verskillende geleenthede met betrekking tot die plek waarop en die omgewing waarin die oorledene aangeval en oorrompel is. Prof Scheepers het op 23 Oktober 1981 op die lyk van die oorledene 'n lykskouing uitgevoer. Volgens prof Scheepers het die lyk uiterlik veelvuldige beserings getoon waaronder veral skaafwonde aan die volgende liggaamsdele: die regterkant van die nek; die regterskouer; die linker onderbeen; die wangbene; die ken; die punt van die neus; die voorkop; die bors en die onderlyf. Daar was ook kneusings aan die

linkerarm ........

linkerarm en linkerdy. Inwendig was daar stuwing van die longe met vreemde stowwe in die lumina van die kleiner long=pypies. Die brein was sianoties en petegiale bloedings en opvallende stuwing is opgemerk. Prof Scheepers het die mening uitgespreek dat die oorledene as gevolg van die beserings wat hy ten tyde van die aanranding opgedoen het waarskynlik sy bewussyn verloor het. Hieraan het hy toegevoeg dat dit nie moontlik is om te verklaar dat indien hy nie in die asgat begrawe sou gewees het nie die oorledene in alle geval aan sodanige beserings sou beswyk het nie. Die oorsaak van dood soos deur prof Scheepers bevind, was asfiksie weens die inaseming van stof en bloed.

Na afloop van die staatsaak het elkeen van die appellante sy saak gesluit sonder om self te getuig of om enige getuies namens hom op te roep. Daar moet vervolgens gelet word op die hoofinhoud van die buitegeregtelike verklarings deur die appellante wat na die binneverhore

toelaatbaar .......

toelaatbaar verklaar is. In elke verklaring kom daar veelal verwysings voor na die doen en late van die verklaarder se mede-appellante. Dit is kwalik nodig om te sê, en die verhoorhof het dan ook deeglik voor oë gehou, dat wat enige appellant in sy verklaring kwytgeraak het hoegenaamd nie teen enigeen van sy mede-appellante toelaatbaar is nie. Wanneer daar hieronder aangehaal word uit die verklarings sal egter bloot geriefshalwe onmiddellik na die naam van enige mede-appellant waarna die verklaarder verwys, in hakies die nommer van die betrokke mede-appellant aangedui word.

Volgens die verklaring van die eerste appellant het die sesde appellant sowat drie maande voor die betrokke dag vir die eerste appellant vertel dat lede van die werkspan planne maak om te ontsnap. Die plan was dat die bewaarder met 'n tou vasgebind sou word. Voorts beweer die eerste appellant in sy verklaring dat hy die bestaan van hierdie plan 'n maand voor die ontsnapping onder die aandag van die

oorledene .......

oorledene gebring het. Die eerste appellant het ontken dat hy enige aandeel in die aanranding op die oorledene gehad het. Van wat hy self waargeneem het, gee die eerste appellant in sy verklaring die volgende relaas -

> "Ek het gesien dat Phinias (nr 7) die baas om sy nek vashou. Hy was agter die baas. Hy het die baas op die grond neergegooi. Ek het gesien die ander staan met grawe in die lug by die baas. Amos Zulu (nr 6) het die baas se skoene uitgetrek en ook sy jas en klere. Ek sê toe vir Tulane (nr 2) ons moet wegkom van hierdie plek en dat hulle ons gaan doodmaak want hulle sal dink ons het gehelp om die baas aan te val. Ek en Tulane (nr 2) het nader gegaan. Ek het gehoor die baas roep my en vra dat ek hom moet help. Amos (nr 6) het gesê dat as ek help hy my sal doodmaak saam met die baas.
>
> Phinias (nr 7) het die baas se klere aangetrek. Ek het eenkant gestaan. Hulle het die baas opgetel en gedra tot by 'n gat waar ons gewoonlik vuilgoed ingooi. Hulle het hom begrawe. Tulane (nr 2) was een van hulle. Ek het gesien hy was daar met sy graaf. Nadat die baas begrawe is, het ons ons baadjies aan Phinias (nr 7) gegee. Hy en Tulane (nr 2) het die baadjies en 'n graaf waarmee ek gewerk het in 'n gat gegooi.

Phinias ......

> Phinias (nr 7) sê toe dat ons na die begraaf= plaas daar naby moet stap - twee-twee in ŉ ry .......Terwyl ons stap het die kaptein en ŉ ander bewaarder daar met ŉ motor gekom. Phinias (nr 7) en die kaptein het gepraat. Ek het nie verstaan wat hulle praat nie. Die kaptein het weggery en ons het toe in die begraafplaas ingegaan. Van die gevangenes het hulle skoene uitgetrek en dit daar gelos - een was Shorty. Ons het oor die draad geklim en ons het twee bymekaar geloop langs die hoofpad op ŉ plaas ....... "

Die tweede appellant het in sy verklaring gesê dat toe hy twee weke tevore by die betrokke werkspan begin werk het die eerste appellant hom vertel het dat die span wil ontsnap. Van die aanranding op die oorledene gee die tweede appellant in sy verklaring die volgende beskrywing -

> "Terwyl die wit bewaarder met Elias (nr 5) gepraat het, het Job (nr 3) van agteraf gekom en die bewaarder om sy nek gegryp met sy arm Die bewaarder het op die grond geval. Terwyl hy gelê het, het Elias (nr 5), Job (nr 3), Phinias (nr 7) en Amos (nr 6) ŉ band van die radio geneem en die bewaarder om sy nek vasgebind.
>
> Phinias (nr 7) het die bewaarder toe met ŉ

ysterpaal .......

ysterpaal teen sy nek geslaan. Die bewaarder wie op die grond gelê het, wou opstaan.. Ek het hom met my voete vas teen die grond getrap en hom slegs een hou op die mond geslaan. My regterhand het seergekry. Ek wys nou drie (3) klein merkies om my kneukels........ Phinias (nr 7) sê toe dat ek moet ophou want dit help nie ek slaan die man met die vuis nie. Die man lawaai. Phinias (nr 7) vat toe 'n stuk yster 're-enforce' en slaan die Blanke bewaarder oor die linkerkant van sy nek. Hy het hom 'n paar houe toegedien. Die bewaarder het toe stil gelê. Phinias (nr 7) en Elïas (nr 5) tel die bewaarder toe op en dra hom 'n entjie weg tot by 'n asgat daar naby. Hulle het hom daar in gegooi en sy lyk met as toegegooi.

Ek het nie gehelp om die lyk toe te gooi nie. Ek het die oorledene se baadjie en die prisoniere se baadjies gevat en dit oor die draad gegooi. Ek het oor die draad gespring en 'n gat gegrawe. Ek het die klere toe in die gat geplaas en die gat toegegooi met 'n graaf. Dit was die graaf waarmee ek gewerk het. Ek het sy baadjie ook daar begrawe, Phinias (nr 7) het toe die uniform van die bewaarder aangetrek. Hy het ook die 'walkie-talkie' gedra. Hy het gesê dat ons na die skietbane moet gaan ..... Ons het verby die skietbaan gegaan tot by die begraafplaas. 'n Motor van die Gevangenisdiens bestuur deur 'n kaptein en 'n adjutant-offisier as passasier en 'n swart seun het by ons verby gery. Het het met Phinias (nr 7) wie in uniform was gepraat en vir Phinias (nr 7) gevra waar ons werk en waarheen ons gaan. Phinias (nr 7) het toe

gesê .....

> gesê dat die luitenant gesê het dat ons by die begraafplaas moet gaan skoonmaak ..... Die kaptein het ...... weggery.
>
> Hierna het van die prisoniere Elias (nr 5) en die een wie se naam ek nie ken nie hulle skoene uitgetrek en hulle broekspype opgerol. Phinias (nr 7) sê toe dat ons nou moet loop want die kaptein het ons gesien. Ons het toe deur 'n draad geklim en die gereedskap daar gelaat en weggeloop na 'n plaas naby die begraafplaas ....."

Hoewel die tweede appellant in sy verklaring erken het dat hy aan die aanranding op die oorledene meegedoen het, het hy sy verklaring met die volgende woorde afgesluit -

> "Ek wou nie die bewaarder doodmaak nie. Dit was die ander. Oorledene was net in sy onderbroek begrawe."

Die derde appellant het in sy verklaring o a gesê:-

> "Die baas wie ons oppas was sleg en ons was ontevrede. Ek het gehoor dat Amos (nr 6) en Phinias (nr 7) met mekaar praat. Ek het nader gestap en toe Phinias (nr 7) die baas gryp, het ek en Amos (nr 6) hom ook platgedruk. Tulane (nr 2) het die baas met 'n stuk ysterpaal geslaan. Ek het toe deur die draad geklim. Ek het gesien dat Phinias (nr 7), Amos (nr 6), Thele (nr 1) en Tulane (nr 2) die baas optel en

in .........

in 'n gat gooi. Die baas was toe reeds uitgetrek. Phinias (nr 7) het al die baas se klere gevat en ook sy jas en horlosie. Ek het niks gevat nie. Hulle vier het die baas toegegooi. Vir my was dit duidelik dat hy reeds dood was. Ek was bang en wou nie help om hom dood te maak nie. Ek het net gehelp om hom op die grond te druk. Daar was al in begin September 1981 beplan om die baas vas te maak en te ontsnap. Nadat die baas begrawe is, het ons ons baadjies aan Tulane (nr 2) en Mbombo (nr 1) gegee. Dit was in 'n gat gegooi. Ons het toe saam gestap na die begraafplaas. Toe ons naby die begraafplaas kom het die kaptein van die Gevangenis daar aangekom. Daar was ook 'n adjudant-offisier by hom. Hy het vir Phinias (nr 7) geroep en gevra waarheen ons gaan. Phinias (nr 7) wie toe al die uniform aangehad het van die baas wie dood was, het gesê dat ons gaan skoonmaak by die begraafplaas. Ons gaan toe verby die begraafplaas na die skietbaan. Daar het ons uitmekaar gegaan......."

In die slotparagraaf van sy verklaring het die derde appellant gesê -

"Ek wou nie die bewaarder dood gemaak het nie. Ek het nie gedink dat die ander hom sal doodmaak nie. Ek het gedink hulle wil hom net vasbind."

Die vierde appellant het in sy verklaring gesê dat hy nie gesien het wie die oorledene aangerand het nie. Van

wat .......

wat op die betrokke dag gebeur het, gee hy in sy verklaring die volgende relaas -

> "Ek hark en Elias (nr 5) spit. Onverwags hoor ons die Blanke huil en skreeu 'eina', terwyl hy by die mense is met wie hy werk. Toe ek hoor hy sê 'eina', vra ek Elias (nr 5) hoekom sê hy so. Ons het daarheen gehardloop om te gaan hoor waarom huil hy. Toe ek op die toneel kom, het ek gevind hy is met 'n graaf geslaan. Dit kon die linkerkant of die regterkant gewees het.
>
> Ek vra hoekom slaan julle die blanke. Hulle het gesê hulle wil loop. Toe hulle sê hulle wil loop, het ek besef dit sal nie help om tronk toe te hardloop nie, omdat hulle grawe het en my kan seermaak. Ek voel dit is beter om weg te hardloop. Ek het deur die draad gekruip terwyl hulle nog met hom besig was. Nadat ek deur die draad gekruip het, het ek na die pad gehardloop. Toe ek in die pad was, sien ek 'n ander een kruip deur die draad en hy was in die Blanke persoon se uniform geklee. Daarna sien ek hulle kruip almal deur die draad en volg die een wat die Blanke se uniform aangehad het. Hulle volg my want ek was reeds weg, daarna het ons uitmekaar gegaan...."

Volgens die vyfde appellant was al agt lede van die werkspan lede van 'n bende waarvan die sesde appellant

die .........

die leier was. Die lede van die werkspan het vooraf ooreengekom om die oorledene "vas te maak en dan ontsnap." Later is hiervan afgesien "want die Blanke bewaarder sal skreeu". Amos (nr 6) het vir Tulane (nr 2) gevra of dit nie die oorledene se dood sal beteken indien Tulane (nr 2) die oorledene met 'n stuk betonstaal sou slaan nie. Tulane (nr 2) het gesê hy ken dié soort werk, en dat hy die oorledene bewusteloos sal slaan en nie sal doodmaak nie. Daar is toe besluit dat wanneer die oorledene sy bewussyn verloor hy vasgemaak sal word. Tulane (nr 2) het gesê dat as die ander die oorledene vashou, sal hy hom slaan. Van die gebeure op die betrokke dag gee die vyfde appellant in sy verklaring die volgende beskrywing:-

> "Ons agt het vooraf besluit om te ontsnap, op die dag. Amos (nr 6) en Phinias (nr 7) het vir ons gewys waar ons moet staan. Amos (nr 6) het vir Job (nr 3) gesê hy moet die oorledene van agter nader en hy moet met sy regterarm die oorledene se nek gryp van agter, sy regterknie op oorledene se rug druk sodat hy kan agteroor val. Amos (nr 6) het gesê hy

sal ........

sal dit doen. Amos (nr 6) het die oorledene van agter genader sy regterarm om oorledene se nek gesit en hom agteroor getrek. Oorledene het geval. Terwyl oorledene op die grond gelê het, het Tulane (nr 2) oorledene genader en hom met die 'ring-force' staal aan die nek geslaan. Die oorledene het sy bewussyn verloor. Toe sê Tulane (nr 2) vir ons ons moet naderkom om die oorledene vas te maak. Amos (nr 6) het 'n spitgraaf gevat en oorledene twee keer op die nek geslaan. Amos (nr 6) vra toe vir ons wie wil ook doodgaan saam met die oorledene. Niemand het ingestem om dood te gaan nie. Phinias (nr 7) het die oorledene se klere uitgetrek en aangetrek. Ek het rondgekyk om te sien of daar nie dalk 'n ander bewaarder sou aankom om vir Amos hulle te waarsku. Phinias (nr 7) het gesê ons moet oorledene se lyk in 'n sloot gooi. Ek het die lyk aan sy arms getrek; na die sloot toe gevat; en hom in die gat gegooi. Ek het hom omtrent twaalf meter gesleep. Ek het gesien die bewaarder is reeds dood en ek het hom weggesleep. Toe gaan ek terug na die ander toe. Amos (nr 6) vra toe 'hoekom is die lyk nie toegemaak nie?' Tulane (nr 2) sê hy sal weer sy bewussyn herwin. Amos (nr 6) het vir Tulane (nr 2) en Bobocele (nr 1) gesê hulle moet die lyk goed toemaak. Toe het ons as bo-op die lyk gegooi.

Toe ons klaar was, het ons oor die draad gespring en na Morgenzon pad geloop. Ons het toe by die begraafplaas geloop op Morgenzon pad. 'n Kaptein van die gevangenis het by die begraafplaas opge= daag en direk na ons toe gekom en gevra wie het

> magtiging gegee dat die span daar moet kom werk. Phinias (nr 7) het oorledene se klere aangehad en hy het gesê die luitenant het magtiging gegee. Die kaptein het omgedraai en gevangenis toe gegaan. Elkeen het toe besluit om sy eie pad te gaan ......"

Volgens die verklaring van die sesde appellant het hy geen aandeel in die aanranding op die oorledene gehad nie. Hy was egter 'n ooggetuie daarvan. In sy verklaring gee hy die volgende beskrywing van wat gebeur het:-

> "Bewaarder Matthysen was besig om te rook. Bewaarder Matthysen het vir Phinias (nr 7) geroep. Terwyl Phinias (nr 7) na bewaarder Matthysen toe geloop het, het Job (nr 3) van agter af gekom en bewaarder Matthysen vasgegryp, om sy arms. Tulane (nr 2) het van vooraf gekom en bewaarder Matthysen met 'n spitgraaf een keer op sy nek geslaan. Toe bewaarder Matthysen besig was om te val, het Elias (nr 5) nadergekom en bewaarder Matthysen om die nek gegryp en gewurg. Andries (nr 4) het op bewaarder Matthysen gespring en sy klere uitgetrek Bewaarder Matthysen was op daardie stadium bewusteloos gewees. Bobocele (nr 1) het nadergekom en oorledene een hou op die nek geslaan met 'n spitgraaf. Job (nr 3) was besig om oorledene se sakke te visenteer. Hy het oorledene se horlosie gegryp en in sy sak gesit. Ek het geskrik en gevra 'wat doen julle?' Hulle het

gesê ......

gesê 'shoot' en hulle vingers voor hulle monde gehou en gesê ek moet stilbly. Bobocele (nr 1) en Dlamini het oorledene getrek na 'n sloot toe. Oorledene was toe ontklee gewees. Hy het net sy onderbroek aangehad. Dlamini het oorledene in die as begrawe. Phinias (nr 7) het oorledene se pet aangetrek, asook sy broek aangetrek nadat Phinias (nr 7) sy eie broek uitgetrek het. Toe sê Phinias ons moet al die gereedskap vat en weggaan, met die bedoeling ons moet ontsnap. Ek het die ander agtervolg toe hulle geloop het en ek was bang as ek weier om te loop, dat hulle my sou aanrand. Ons het skietbaan toe beweeg. By die hek van die skietbaan het 'n kaptein van die Gevangenis opgedaag. ....... Die kaptein het na ons gekom en gevra wie se span is dit. Phinias (nr 7) het vir die kaptein gesê dat luitenant Magalies hom gestuur het om die begraafplaas skoon te maak. Die kaptein het sy kop geknik voor en agter toe asof hy verstaan. Hy het omgedraai en is toe daar weg. Ons prisoniere het toe oor die draad geklim teerpad toe. Ander prisoniere het hulle skoene uitgetrek en langs die draad neergesit. Ons het langs die draad afgestap. Nadat ons $^1/_4$ kilometer beweeg het, het ons na regs beweeg, en oor 'n draad geklim. Ons het toe verskillende rigtings gevlug ......."

Volgens die sewende appellant se verklaring het 'n mede-appellant, ook bekend as "Shuta" hom voor die betrokke dag vertel dat die gevangenes wat onder bewaarder Matthysen

werk .......

werk 'n plan het om te ontsnap deur hom met 'n draad vas te maak en hom in 'n sloot te gooi. Hierop het die sewende appellant gereageer deur voor te stel dat die werkspan moet wegglip sonder om iemand te beseer. Daarna het die derde appellant aan die sewende appellant herhaal wat Shuta reeds aan hom vertel het; en daarop het die sewende appellant belowe om na hulle te luister en om te doen wat hulle sê in verband met die ontsnapping." Op die betrokke dag, so sê die sewende appellant in sy verklaring, het hy nog nie geweet "dat daar planne was om te ontsnap nie"; maar toe lede van die werkspan tekens van onwilligheid om te werk, begin toon het, het hy vermoed dat hulle gaan ontsnap. Van wat daarna gebeur het, gee die sewende appellant die volgende beskrywing:-

> "'n Rukkie later het ek onder 'n boom gaan staan en begin rook. Op daardie stadium het bewaarder Matthysen my van agter stilletjies genader terwyl ek rook. Ek het op die grond gekyk en gemaak asof ek hom nie sien nie. Voordat bewaarder Matthysen baie na aan my was het ek gehoor hy skreeu drie keer 'Phinias kom help my'. Toe sien ek net Thani (nr 2) en Bobocele (nr 1) gryp bewaarder Matthysen aan die voete en bewaarder

Matthysen ......

Matthysen het geval. Job (nr 3) het op daardie stadium oorledene om die nek gegryp. Op daardie stadium wou ek gevangenis toe hardloop, maar ek kon nie want Dlamini en Amos (nr 6) en Tulane (nr 2) het in my pad gestaan. Op daardie stadium het ek Tulane (nr 2) gesien die broek van bewaarder Matthysen uittrek. Op daardie stadium het bewaarder Matthysen op die grond gelê en baklei. Toe het Tulane (nr 2) oorledene drie keer met 'n spitgraaf op sy nek geslaan. Toe Tulane (nr 2) bewaarder Matthysen met die spitgraaf slaan het bewaarder Matthysen doodgegaan. Ek het dit gesien want bewaarder Matthysen het op daardie stadium nie meer asem gehaal nie. Tulane (nr 2) en Bobocele (nr 1) het oorledene na 'n sloot toe getrek. Ek het toe die klere, dit is die uniform, aangetrek en buitekant die Gevangenisterrein gaan staan. Ek het gesien dat Tulane (nr 2) bewaarder Matthysen se twee-rigting radio vat. Vandaar af het ek gevra waar gaan ons. Toe sê Job (nr 3) dat ek daar buitekant die erf moet gaan staan van die tronk sodat indien iemand ons sien, sal hulle dink ek die leier van die span is. Ek het dit gedoen. Almal van ons het na die skietbaan toe gegaan. Toe besluit ek dat ek saam met hulle sal ontsnap. Voordat ons die begraaf= plaas bereik, het 'n kaptein opgedaag in 'n bakkie.........Shuta het gesê dat indien die kaptein vra wat maak ons moet ek sê die luitenant het ons gestuur om die begraafplaas skoon te maak ..... Die kaptein het gevra wat soek ons daar en ek het gesê ons is gestuur om daar skoon te maak. Hy vra toe wat se span is dit. Toe sê ek 'n terreinspan. Die kaptein

draai ......

> draai toe om en hy is toe weg ....... Vandaar af het ons saam weggehardloop van die begraaf= plaas. Toe ons binne die lande van die plaas was, het ons opgebreek en twee-twee verskillende rigtings geneem ........"

Vir 'n skuldigbevinding van al sewe appellante aan moord moes die Staat bewys dat die vereiste opset om die oorledene te dood by elkeen van die appellante afsonderlik aanwesig was. Op die skrale getuienis wat aangevoer is, was dit egter vir die verhoorhof nie moontlik om te bevind watter lid of lede van die werkspan die dood van die oorledene daad= werklik veroorsaak het nie. Wat die verhoorhof se skuldig= bevinding aan moord van al die appellante ten grondslag lê, is die slotsom wat hy in sy uitspraak in die volgende woorde gestel het:-

> "......the only inference that can be drawn is that all of the team had a common intention to murder in order to make good their escape."

en voorts dat dusdanige gemeenskaplike oogmerk ontstaan het -

> ".....either before they went out, or at the time the first attack was made upon the deceased."

Die ..........

Die verhoorhof se gevolgtrekking dat iedere en elke lid van die werkspan hom aldus verbind het tot 'n gemeenskaplike plan en optrede om die oorledene om die lewe te bring, word dan verder in die uitspraak soos volg toegelig:-

> "The statements have been weighed by us of course in coming to this conclusion. The State, in our view, made out an extremely strong case against the accused. Their failure to testify is a matter of importance, and we have considered it as such."

En verder -

> "It must not be thought that we have overlooked the argument of counsel that the desire to escape would be very strong in prisoners and that prisoners, if they see someone else incapacitating a warder, might very well, without taking part in that, make use of it to escape. We have not overlooked that, but I say on the facts of this case, in our view, there is no room for that, taking into account as I say not only all the facts, but the failure of the accused to testify."

Rakende die bewysregtelike status van die buitegeregtelike verklarings van die appellante is in die

verbygaan .......

verbygaan enkele opmerkings nodig. Die feit dat sodanige verklarings nie onder eed afgelê is nie en dat (soos die verhoor in die Hof a quo ontvou het) hulle nie deur kruis=ondervraging van die verklaarders getoets kon word nie bring noodwendig mee dat die verklarings minder gewig as getuienis onder eed dra. Dit beteken egter nie dat alleen die selfbeswarende elemente in gemelde verklarings 'n bewyswaarde het nie of dat die verontskuldigende elemente daarvan sonder meer buite rekening gelaat kan word nie. Elke sodanige verklaring moet in sy geheel bekyk en beoordeel word; en wat betref die verontskuldigende gedeelte daarvan is dit die Hof se plig -

> "......to weigh the credibility of such portion and to give such weight to it as in its opinion it deserves, and this applies not only to such portions as explained or qualify any portion adverse to the party who has made the statement, but to everything in the statement which relates to the matter in issue."
> (per GREENBERG, AR in Rex v Valachia & Another, 1945 AD 826 op 835).

Wat .......

Wat verder ook nie buite beskouing gelaat moet word nie is die volgende oorweging. Waar dit gaan oor die vraag of die staatsaak so stewig staan dat die aangeklaagde hom in die getuiebank moet verantwoord, is die feit dat die aangeklaagde reeds by wyse van 'n buitegeregtelike verklaring waaroor die vervolging beskik, sy teenwoord gegee het, 'n faktor wat (afhangende van die strekking en oortuigingskrag van die verklaring) ten gunste van die aangeklaagde in die weegskaal gewerp kan word. Anders gestel, by beoordeling van die vraag of die Staat se getuienis 'n prima facie saak teen die beskuldigde daarstel, behoort die verhoorhof hom af te vra of daar getuienis is wat die inhoud van die beskuldigde se verontskuldigende buitegeregtelike verklaring afdoende weerlê. Kyk: Rex v Kumalo & Another 1930 AD 193 per STRATFORD, AR op 215; Schmidt, Bewysreg, tweede uitg. 498.

Nou is dit so dat wanneer daar na die aangevoerde getuienis in die onderhawige geval gekyk word daar onmiddellik

na ........

na vore tree die feit dat al sewe appellante saam met die oorledene by die toneel van die noodlottige aanranding was; en dat die enigste ander persoon daar teenwoordig Dlamini was. Maar in die besondere omstandighede van die huidige geval kan daardie feit alleenstaande nouliks dien om 'n prima facie saak op die been te bring wat daarop neerkom dat die hele werkspan deelgenote aan 'n moordoptog was. Die appellante se teenwoordigheid aldaar word eenvoudig en afdoende verklaar deur die feit dat hul in opdrag van hul bevelvoerder daar moes werk. In hierdie verband is die volgende opmerkings van VAN WINSEN, AR in Barnabas Magawana & Fifteen Others (in 'n uitspraak van hierdie Hof op 6 Maart 1962 gelewer en aangehaal in S v Macala & Others 1962(3) SA 270 (A) op 274 A/B) toepaslik -

> "Where the State can bring no evidence that the accused took part in the actual assault resulting in the death of the deceased, but seeks to rest its case upon the fact that the accused made common cause with the actual killers, it must prove beyond reasonable doubt

that ........

> that the accused had a common intention to kill and that in execution of that intention they became members of the band of killers. While it is true that, depending upon all the circumstances of the case, the mere presence of the accused at the scene of a killing may afford prima facie evidence of their being members of the band of killers all of whom entertained a common intention to kill, yet, in the particular circumstances of this case their mere presence there does not afford such proof."

In sowel die saak van Barnabas Magawana, supra, as in die saak van S v Macala, supra, het dit gegaan oor teësinnige toeskouers van 'n moord wat deur dreigemente van hul eie dood gedwing is om die moordbende na die toneel van misdaad te vergesel. Om bloot 'n passiewe toeskouer van 'n moordaanval te wees, is vanselfsprekend nie voldoende vir aanspreeklikheid by pleging van moord nie. Kyk: S v Williams en 'n Ander 1980(1) SA 60(A) op 64 E/H.

Die volgende vraag is watter gevolge die appellante se stilswye by die verhoor vir die beslissing

van .........

van die saak inhou. Uit die passasies van die uitspraak van die Hof benede is dit duidelik dat die verhoorhof die appellante se versuim om die getuiebank binne te gaan as 'n belangrike, indien nie 'n lotsbepalende faktor, nie, in die saak aangemerk het. Met daardie beskouing kan ek met eerbied nie saamgaan nie. Was daar in die onderhawige saak enige direkte ooggetuienis wat een of meer van die appellante by die aanranding op die oorledene betrek het, sou die swye van sodanige appellante *ipso facto* gedien het om die saak teen daardie appelante te verstewig. Hier egter berus die staatsaak geheel en al op omstandigheidsbewys en buiten die feit van die appellante se teenwoordigheid ten tyde van die pleging van die misdaad steun die vervolging wesenlik op 'n reeks buitegeregtelike verklarings deur die appellante. Hiervan is drie verklarings (dié van die eerste, vierde en sesde appellante) volkome verontskuldigend. Elkeen van die orige vier verklarings bevat 'n aanduiding van 'n voorafgaande komplot om die oorledene aan te rand en om daarna te ontvlug.

Twee .........

Twee van laasgenoemde verklarings (dié van die tweede en derde appellante) bevat erkennings dat die verklaarders aan die aanranding op die oorledene deelgeneem het. Hierdie verklaarders ontken egter uitdruklik dat hul enige opset om die oorledene te dood, gehad het. Hier dien terloops opgemerk te word dat indien moord op die oorledene 'n element was van die plan om te ontsnap dit ietwat vreemd is dat die oorledene se aanvallers hom nie met die eerste aanval summier en sonder meer doodgemaak het nie. Niks het verhoed dat die slagoffer nie onmiddellik om die lewe gebring word nie. In die verklaring van die vyfde appellant erken hy dat hy die liggaam van die oorledene na die asgat gesleep het en dat hy as op die oorledene in die asgat gegooi het; maar hy beweer dat hy gemeen het dat die oorledene se dood toe reeds ingetree het. Die sewende appellant sê in sy verklaring dat hy na die aanranding op die oorledene laasgenoemde se uniform aangetrek het en hy laat duidelik blyk dat ter bewerkstelliging van die ontvlugting van die werkspan hy vir kapt Hartzenberg daarna bedrieg het.

By .......

By beoordeling van die waarskynlikhede in die saak duik daar onmiddellik 'n moontlikheid op wat vanself spreek, nl dat daar ten minste sommige lede van die werkspan blote passiewe toeskouers van die aanranding op die oorledene was; en wat na sy oorrompeling deur ander lede van die werkspan die versoeking om te ontsnap nie kon weerstaan nie. Hierdie moontlikheid is deur die verhoorhof ingesien en oorweeg maar as onredelik verwerp. Dit is vir my nie duidelik uit hoofde waarvan die verhoorhof hierdie moontlikheid as 'n redelike gebeurlikheid in die saak uitgeskakel het nie. Die getuienis in sy geheel beskou, so meen ek, laat wel ruimte vir so 'n redelike moontlikheid; en erkenning van daardie redelike moontlikheid druis in teen die bestaan van enige samespanning om te vermoor, waaraan <u>algar</u> die appellante deelgenote was.

Uit die Verhoorhof se redes vir skuldigbevinding blyk dit dat hy o a gesteun het op die versuim van enige lid van die werkspan om ten tyde van die aanranding op die oorledene

alarm ........

alarm te maak; asook die redes vir sodanige versuim soos in sommige van die buiteregtelike verklarings verduidelik. Ek haal aan uit die uitspraak van die Hof benede:-

> "It is in regard to this aspect I may say, the failure to give an alarm, that Mr Visser has criticised and in our view legitimately criticised the statements of some of the accused, many of the accused. Many of the accused say that they did not run to the gaol or that they did not give the alarm ..... because they were frightened or something of that nature. That argument, based upon what is stated in the statements, in our view, does not go up. Mr Visser has legitimately criticised that. The accused are not children. We do not know about their background but we do know that they were in gaol. While this vicious assault was taking place and he was being dragged about, covered up, stripped, there was ample time for any of the accused to give the alarm."

Indien daar egter veronderstel word dat sommige lede van die werkspan inderdaad nie aan die aanranding meegedoen het nie en dat hul bloot passiewe toeskouers daarvan was, tref bostaande kritiek my as enigermate onbillik. Gesien die meedoënloosheid van die aanranding op die oorledene sou menigeen wat dit aanskou het sonder om hom daarmee te vereenselwig nogtans

gemeen .........

gemeen het dat versigtigheid die moeder van wysheid is; en dat enige poging aan sy kant om alarm te máak groot en onmiddellike gevaar vir sy eie lewe inhou.

Ek vind dit moeilik om saam te stem met die verhoor=hof se siening dat die Staat hier "made out an extremely strong case against the accused." Op die keper beskou tref die getuienis deur die Staat aangebied my as ietwat wankelrig - altans vir sover dit die bewys van al sewe appellante se aan=spreeklikheid aan die misdaad moord aangaan. Ofskoon die swye wat die appellante by hul verhoor bewaar het by beoordeling van die saak in sy geheel 'n faktor bly wat in aanmerking kom, is dit m i in al die omstandighede van die huidige geval beslis nie 'n oorheersende of selfs 'n belangrike faktor nie.

Na my oordeel is, wat die sewe appellante as 'n groep betref, nie bo redelike twyfel bewys dat hulle in uitvoering van 'n gemeenskaplike oogmerk die oorledene gedood het nie. Soos reeds aangetoon was die bevinding dat die sewe appellante

aldus ........

aldus saamgespan het die sluitsteen van die skuldigbevinding in die Hof a quo. Dit is vervolgens nodig om aan die hand van die appellante se onderskeie verklarings, individueel beskou maar gesien in die lig van sodanige bewese feite as wat die staatsaak opgelewer het en die waarskynlikhede, te beslis of die aanspreeklikheid van enigeen of meer van die appellante òf aan moord òf aan enige mindere misdaad teen die lewe of die liggaam van die oorledene bo redelike twyfel bewys is.

Soos reeds daarop gewys is die hele inslag van die verklarings van die eerste, vierde en sesde appellante volkome verontskuldigend. Nòg in die ander getuienis wat die Staat aangebied het nòg by 'n beoordeling van die waarskynlikhede van die geval vind ek enigiets wat met gemelde drie verklarings, elk afsonderlik beskou en ontleed, klaarblyklik onbestaanbaar is. Bygevolg is na my oordeel die eerste, vierde en sesde appellante op hul vryspraak geregtig.

Die tweede appellant erken in sy verklaring dat

nadat .........

nadat die oorledene op 'n kwesbare liggaamsdeel (sy nek) met 'n ysterpaal geslaan is en terwyl hy op die grond gelê het die tweede appellant hom met sy voet teen die grond vasgedruk het; en dat die tweede appellant die oorledene toe 'n vuishou toe=gedien het. Verder is bloed wat aan die oorledene se bloed=groep (groep "O") behoort aan die hemp van die tweede appellant gevind. Die tweede appellant se bloedgroep is "B". Dat dit 'n harde vuishou was, kan afgelei word uit die feit dat as gevolg daarvan die tweede appellant sy kneukels beseer het. Na my mening is dit duidelik dat die tweede appellant die opset gehad het om die oorledene ernstig te beseer. Daar bestaan afdoende bewys dat die tweede appellant aan aanranding met die opset om ernstig te beseer skuldig is.

Die derde appellant sê in sy verklaring dat toe die sewende appellant die oorledene gryp hy (die derde appellant) en die sesde appellant gesamentlik die oorledene "platgedruk" het; en dat die tweede appellant die oorledene toe met 'n

ysterpaal .......

ysterpaal geslaan het. Die onafwendbare afleiding is m i dat die derde appellant die oorledene platgedruk het sodat hy verder geslaan kon word sonder om sy aanvallers enige weerstand te bied. Die aard van sy aandeel aan die aanranding en die mate van geweld wat onmiddellik daarna op die oorledene toegepas is, dui na my mening op die gevolgtrekking dat die derde appellant ook die opset gekoester het om die oorledene ernstig te beseer. Bygevolg is hy ook skuldig aan aanranding met die opset om ernstig te beseer.

Die vyfde appellant sê in sy verklaring dat na die aanranding op die oorledene hy die oorledene oor 'n afstand van 12 meter aan sy arms gesleep het. Volgens die vyfde appellant het hy toe gesien dat die bewaarder reeds dood is. In verband met hierdie bewering het die verhoorhof in sy uitspraak hom as volg uitgelaat:-

> "The argument has gone up here that they ( d w s die appellante) may not have known that he was still alive. One or other of the accused in that

accused's .......

> accused's statement suggests such a possibility. Counsel have argued that perhaps having seen that he was completely incapacitated and senseless, they did not appreciate that he was still alive and simply buried the man in panic believing him to be dead. We are not prepared to accept this ....... They stripped this person of his clothes. It would have been obvious to the meanest intelligence that he was breathing."

Hier dien eerstens opgemerk te word dat volgens die vyfde appellant se verklaring hy nie die persoon was wat die oorledene se uniform uitgetrek het nie. Hoe dit ook sy, is dit aan die hand van die veelvuldige letsels wat die oorledene opgedoen het voordat hy na die asgat gesleep is duidelik dat hy gruwelik aangerand is; en die waarskynlikhede dui op die gevolgtrekking dat hy in daardie stadium reeds bewusteloos was. Of in die heersende omstandighede dit vir 'n leek duidelik sou geblyk het dat die oorledene nog lewend is, val m i moontlik te betwyfel. Dit mag wees dat in daardie stadium die oorledene se asemhaling so vlak was dat dit vir 'n leek nie waarneembaar sou gewees het nie. Hierdie belangrike aspek van die saak is nie met die

patoloog ........

patoloog wat namens die Staat getuig het, uitgepluis nie. Na my oordeel kom dit gewaagd voor om as 'n redelike moontlikheid uit te sluit dat toe die vyfde appellant die oorledene na die asgat gesleep het die vyfde appellante geglo het dat die oorledene reeds beswyk het. Dit is derhalwe nie bo redelike twyfel bewys dat die vyfde appellant die verwyt van moord dra nie. Wat egter verder ondersoek moet word, is of die vyfde appellant hom nie aan strafbare manslag skuldig gemaak het nie. Strafbare manslag is die wederregtelike nalatige veroorsaking van die dood van 'n medemens. Dat die vyfde appellant deur die liggaam van die lewende oorledene in die asgat te help toegooi die dood van die oorledene mede-veroorsaak het, behoef geen argument nie. Die vraag is dan net of daar aan die nalatigheidsvereiste voldoen word. Na my oordeel moet hierdie vraag bevestigend beantwoord word. In sy verklaring vertel die vyfde appellant dat toe die sesde appellant verneem het hoekom "die lyk" nie toegemaak was nie, die tweede appellant pertinent onder sy (die vyfde appellant) se aandag

gebring .........

gebring het dat die bewaarder sy bewussyn weer sal herwin. In die lig van hierdie erkenning, so meen ek, behoort die vyfde appellant redelikerwys die moontlikheid te voorsien het dat hy besig is om 'n lewende wese met noodlottige gevolge te begrawe. Die vyfde appellant moet dus aan strafbare manslag skuldig bevind word.

Ten slotte moet die posisie van die sewende appellant oorweeg word. Uit sy verklaring is dit duidelik dat hy hom verbind het om opdragte uit te voer m b t 'n komplot waarvolgens die werkspan die oorledene met 'n draad sou vasmaak en daarna in 'n sloot sou gooi. Dat die sewende appellant ook daadwerklik meegedoen het aan die uitvoering van hierdie plan blyk uit sy beskrywing van hoe hy (deur te rook en deur voor te gee dat hy die naderende bewaarder nie gewaar het nie) 'n geleentheid geskep het vir ander lede van die werkspan om die oorledene aan te val. Die sewende appellant het m a w as die lokvoël opgetree. Na my oordeel het die Staat deur die inhoud van die sewende appellant se verklaring bo redelike twyfel bewys

dat ........

dat hy aan aanranding met die opset om ernstig te beseer skuldig is.

Sowel die advokate wat namens die appellante betoog het as mnr <u>Visser</u> wat die appèl namens die Staat beredeneer het, was dit eens dat indien die skuldigbevinding aan moord deur 'n skuldigbevinding of skuldigbevindinge aan 'n mindere misdaad of misdade vervang word hierdie Hof oor genoegsame gegewens beskik om self 'n geskikte vonnis of vonnisse op te lê. By sodanige vonnisoorweging is dit o a nodig om ag te slaan op die vonnisse by die voorafgaande verhoor in die streekhof weens ontvlugting opgelê. Mnr <u>Visser</u> het ons meegedeel dat die appellante aldaar onderskeidelik die volgende vonnisse weens ontvlugting opgelê is:-

(a) Die eerste, vierde en sesde appellante is elkeen tot gevangenisstraf van drie jaar gevonnis.

(b) Die tweede appellant is gevonnis tot gevangenis= straf van drie jaar en ses houe.

(c) Die derde appellant is gevonnis tot gevangenisstraf van drie jaar en vier houe.

(d) Die .......

(d) Die vyfde appellant is gevonnis tot gevangenis= straf van vier jaar.

(e) Die sewende appellant is gevonnis tot gevangenisstraf van vyf jaar.

Met inagneming van al die omstandighede van die geval wil dit ons voorkom dat geregtigheid sou geskied as die tweede, derde en sewende appellant elk 'n vonnis van gevangenisstraf van vier jaar opgelê word; en die vyfde appellant 'n vonnis van gevangenisstraf van ses jaar.

Uit hoofde van die voorgaande redes kan die verhoor= hof se skuldigbevinding aan moord en die opgelegde doodvonnis nie staande bly nie. In die geval van die eerste, vierde en sesde appellante slaag die appèl en word sowel die skuldig= bevinding aan moord as die opgelegde doodstraf ter syde gestel. Die appèlle van die tweede, derde, vyfde en sewende appellante slaag gedeeltelik. In die geval van die tweede, derde en sewende appellante word die skuldigbevinding aan moord vervang deur 'n skuldigbevinding aan aanranding met die opset om ernstig

te ........

te beseer en in plaas van die doodstraf word elkeen 'n vonnis van gevangenisstraf van vier jaar opgelê. In die geval van die vyfde appellant word die skuldigbevinding aan moord vervang deur 'n skuldigbevinding aan strafbare manslag en in plaas van die doodstraf word hom 'n vonnis van gevangenisstraf van ses jaar opgelê.

G G HOEXTER, AR

HEFER, AR )
SMALBERGER, AR ) STEM SAAM